

Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BIT Inligtingtegnologie (02130082)

Duur van studie 4 jaar

Totale krediete 683

Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: 'n kandidaat wat oor 'n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; 'n kandidaat wat 'n gegradueerde van 'n ander tersiêre instelling is of die status van 'n gegradueerde van so 'n instelling geniet; en 'n kandidaat wat 'n gegradueerde van 'n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die TPT.
- Graad 11-uitslae word gebruik vir die voorlopige toelating van voornemende studente.
- 'n Geldige kwalifikasie met toelating vir graadstudies word vereis.
- Minimum vak- en prestasievereistes, soos hieronder uiteengesit, word vereis. Op eerstejaarsvlak het studente 'n keuse tussen Afrikaans en Engels as taalmedium. In verskeie gevalle word lesings slegs in Engels aangebied, byvoorbeeld vir keusemodules waar die dosent nie Afrikaans magtig is nie, of indien dit nie ekonomies of prakties regverdigbaar is nie.
- Indien 'n kandidaat 'n TPT van 26 tot 29 behaal, sal toelating oorweeg word op grond van die uitslae van die NBT, mits die kwotas vir studentegetalle nog nie bereik is nie.

Minimum vereistes vir 2017								
Prestasievlak								
Afrikaans of Engels				Wiskunde				TPT
NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	
5	3	C	C	5	3	C	C	30 (26-29 toelating gebaseer op die NBT)

Ander programspesifieke inligting

Neem kennis dat 'n student wat wil voortgaan met MSc(Rekenaarwetenskap) of MCom(Informatika) of MIS(Inligtingkunde) vier van die vyf honneursmodules uit die spesifieke departement in hul vierde studiejaar moet neem.

Bevordering tot volgende studiejaar

Verwys ook na die G Regulasies.



- (i) 'n Student word na die volgende studiejaar bevorder nadat ondervermelde aantal krediete verwerf is:
- Tweede studiejaar nadat minstens 70% van die eerste studiejaar se krediete verwerf is.
 - Derde studiejaar nadat minstens 70% van die tweede studiejaar se krediete verwerf is.
 - Vierde studiejaar nadat minstens 70% van die derde studiejaar se krediete verwerf is.
- (ii) Die graad word toegeken indien alle voorgeskrewe modules geslaag is.



Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 176

Fundamentele modules

Akademiese oriëntasie 112 (UPO 112) - Krediete: 0.00

Academic literacy for Information Technology 121 (ALL 121) - Krediete: 6.00

Akademiese inligtingbestuur 101 (AIM 101) - Krediete: 6.00

Kernmodules

Inleiding tot rekenaarwetenskap 151 (COS 151) - Krediete: 8.00

Finansiële rekeningkunde 111 (FRK 111) - Krediete: 10.00

Inligtingkunde 110 (INL 110) - Krediete: 12.00

Imperatiewe programmering 132 (COS 132) - Krediete: 16.00

Lineêre algebra 146 (WTW 146) - Krediete: 8.00

Filosofie 120 (FIL 120) - Krediete: 12.00

Bedryfstelsels 122 (COS 122) - Krediete: 16.00

Programontwerp: Inleiding 110 (COS 110) - Krediete: 16.00

Ondernemingbestuur 114 (OBS 114) - Krediete: 10.00

Wiskunde 134 (WTW 134) - Krediete: 16.00

Finansiële rekeningkunde 122 (FRK 122) - Krediete: 12.00

Diskrete strukture 115 (WTW 115) - Krediete: 8.00

Informatika 171 (INF 171) - Krediete: 20.00



Kurrikulum: Jaar 2

Minimum krediete: 170

COS 222 vervang COS 122

Kernmodules

- Datastrukture en algoritmes 212 (COS 212) - Krediete: 16.00
- Multimedia 220 (IMY 220) - Krediete: 16.00
- Netsentriese rekenaarsstelsels 216 (COS 216) - Krediete: 16.00
- Multimedia 210 (IMY 210) - Krediete: 16.00
- Rekenaarargitektuur 284 (COS 284) - Krediete: 16.00
- Programmatuurmodellering 214 (COS 214) - Krediete: 16.00
- Inligtingkunde 210 (INL 210) - Krediete: 20.00
- Diskrete strukture 285 (WTW 285) - Krediete: 12.00
- Bedryfstelsels 122 (COS 122) - Krediete: 16.00
- Inligtingkunde 240 (INL 240) - Krediete: 20.00
- Informatika 214 (INF 214) - Krediete: 14.00
- Informatika 271 (INF 271) - Krediete: 14.00
- Informatika 272 (INF 272) - Krediete: 14.00



Kurrikulum: Jaar 3

Minimum krediete: 186

Kernmodules

- Inligtingkunde: Inligtingsorganisasie 310 (INL 310) - Krediete: 30.00
- Programmeertale 333 (COS 333) - Krediete: 18.00
- Vertalerkonstruksie 341 (COS 341) - Krediete: 18.00
- Rekenaarsekuriteit en etiek 330 (COS 330) - Krediete: 18.00
- Kunsmatige intelligensie 314 (COS 314) - Krediete: 18.00
- Informatika 315 (INF 315) - Krediete: 15.00
- Informatika 370 (INF 370) - Krediete: 30.00
- Multimediaprojek 300 (IMY 300) - Krediete: 45.00
- Informatika 324 (INF 324) - Krediete: 15.00
- Informatika 354 (INF 354) - Krediete: 15.00
- Inligtingkunde: Inligting- en kennisbestuur 320 (INL 320) - Krediete: 30.00
- Rekenaargrafika 344 (COS 344) - Krediete: 18.00
- Programmatuuringenieurswese 301 (COS 301) - Krediete: 27.00
- Databasisstelsels 326 (COS 326) - Krediete: 18.00
- Rekenaarnetwerke 332 (COS 332) - Krediete: 18.00



Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 151

Kernmodules

- Industriegebaseerde leer 700 (SIT 700) - Krediete: 52.00
- Gemeenskapgebaseerde projek 202 (JCP 202) - Krediete: 8.00
- Besigheidsreg 310 (BER 310) - Krediete: 16.00

Keusemodules

- Multimediategnologie 773 (IMY 773) - Krediete: 15.00
- Generiese programmering 782 (COS 782) - Krediete: 15.00
- Animasieteorie en -praktyk 777 (IMY 777) - Krediete: 15.00
- Mens-rekenaarinteraksie 779 (IMY 779) - Krediete: 15.00
- Kennisverkryging en -deling 791 (INF 791) - Krediete: 15.00
- Kompeterende intelligensie (I) 726 (INY 726) - Krediete: 15.00
- Parallele en verspreide berekening 786 (COS 786) - Krediete: 15.00
- Die kommunikasie van inligting 730 (INY 730) - Krediete: 15.00
- Data-ontginning 781 (COS 781) - Krediete: 15.00
- Digitale forensika en ondersoek 783 (COS 783) - Krediete: 15.00
- Multimediatendense 771 (IMY 771) - Krediete: 15.00
- Inligting- en kennisbestuur (1) 713 (INY 713) - Krediete: 15.00
- Inligtingsamelewing 722 (INY 722) - Krediete: 15.00
- Sagteware-ingenieurswese (I) 730 (COS 730) - Krediete: 15.00
- Ruimtelike databasisse 787 (COS 787) - Krediete: 15.00
- Elektroniese handel 782 (INF 782) - Krediete: 15.00
- Gevorderde databasisstelsels 785 (INF 785) - Krediete: 15.00
- Capita selecta 790 (INF 790) - Krediete: 15.00
- Inligtingetiek 715 (INY 715) - Krediete: 15.00
- Kompeterende intelligensie (II) 727 (INY 727) - Krediete: 15.00
- Capita selecta 716 (INF 716) - Krediete: 15.00
- Rekenaar- en inligtingsekuriteit (I) 720 (COS 720) - Krediete: 15.00
- Formele berekeningsaspekte (I) 740 (COS 740) - Krediete: 15.00
- Hipermidia en opmerktale 772 (IMY 772) - Krediete: 15.00
- Inligting- en kennisbestuur (2) 716 (INY 716) - Krediete: 15.00
- Sagteware-ingenieurswese (II) 731 (COS 731) - Krediete: 15.00
- Opvoedkundige sagteware-ontwikkeling 750 (COS 750) - Krediete: 15.00
- Rekenaarnetwerke 784 (COS 784) - Krediete: 15.00
- Ondernemingsargitektuur 715 (INF 715) - Krediete: 15.00
- Projek- en eindgebruikerbestuur 787 (INF 787) - Krediete: 15.00
- Ontwikkeling van inligtingstelsels 788 (INF 788) - Krediete: 15.00
- Formele berekeningsaspekte (II) 741 (COS 741) - Krediete: 15.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis



dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.